

**Woordtelling: 6279**

**“SKRIFGETROUHEID” IN DIE EREDIENS?  
KANTAANTEKENINGE BY ‘N KERNBELYDENIS**

**J H Cilliers**

**Departement Praktiese Teologie en Missiologie**

**Universiteit Stellenbosch**

**jcilliers@sun.ac.za**

**“FAITHFULNESS TO SCRIPTURE” IN THE WORSHIP SERVICE?  
COMMENTS ON A CORE CONFESSION**

*In this article the fundamental question is posed as to what “faithfulness to scripture” in the worship service entails. After giving attention to some possible answers, a plea is made for an enriched understanding and usage of the unique characteristics of scripture in liturgy, including factors such as the focus (theological framework), form (genre) and function (intention) of Biblical texts. In closing, the article addresses the question whether a constructive interaction exists between our exegesis and liturgy, and what the implications thereof could be for our worship services.*

**OPSOMMING**

*In hierdie artikel word die fundamentele vraag gestel na die betekenis van die “Skrifgetrouheid” van die erediens. Enkele moontlike antwoorde hierop word krities ondersoek, gevolg deur ‘n pleidooi vir ‘n verrykte verstaan en gebruik van die unieke eienskappe van die Skrif in die liturgie, met inbegrip van faktore soos die fokus (teologiese raamwerk), vorm (genre) en funksie (intensie) van Bybelse tekste. Ten slotte word die vraag gestel of daar ‘n konstruktiewe interaksie tussen ons eksegetiese en liturgie bestaan, asook wat die implikasies van sodanige interaksie vir ons eredienste sou wees.*

## **1. “SKRIFGETROUHEID” IN DIE EREDIENS?**

Die verskynsel van (dikwels onnadenkende en onverantwoordelike) liturgiese eksperimentering wat veral sedert die afgelope twee dekades hom meester van talle gemeentes gemaak het (vgl. Cilliers, 2007:54), roep in ‘n sekere sin om die herbesoek van die fundamentele, gereformeerde belydenis dat die erediens wesenlik op die Skrif gebaseer moet wees. Oor hierdie belydenis as sodanig kan mens inderdaad verwag om redelike eenstemmigheid en vanselfsprekendheid onder gereformeerdes aan te tref (Burger, 1999:5). Wat Craddock aangaande die prediking sê, sou waarskynlik sonder teenspraak deur die meeste gereformeerdes ook ten opsigte van die erediens in sy geheel beaam word: *“Sermons not informed and inspired by Scripture are objects dislodged, orphans in the world, without mother or father.”* (1985:27)

Wanneer daar egter dieper ingevra word op die presiese betekenis hiervan, of meer nog, wanneer daar gekyk word na die *wyse waarop hierdie belydenis in die*

*praktyk gestalte kry*, loop die weë soms (selfs radikaal) uiteen, en bied dit soms (selfs ekstreme) rede tot ontnugtering. Dalk loop daar meer weeskind-preke en weeskind-eredienste rond as wat ons vermoed.

Eredienste in die Reformatoriese kerke slinger dikwels tussen die uiterstes van liturgiese geïktheid aan die een kant en matelose eksperimentering aan die ander kant, gewoonlik met 'n gepaardgaande verlies aan Skrifbasis en - inhoud. 'n Mens sou waarskynlik hierdie beweging kon beskrywe as 'n "herhalende kerklike struktuur" (vir 'n bespreking van die historiese gestaltes daarvan, vgl. Müller, 1961:53-59). Terwyl baie eredienste verstok geraak het, het baie weer ontaard in 'n uitputtende en verwarrende gefragmenteerdheid. Ondersoeke het egter getoon dat erediensgangers behoefte het aan 'n singewende sentrum: *"Mense kom dus na die erediens met verwagtings van gebeure wat sin maak en wat sin gee. Die erediensgebeure maak ook eers werklik sin binne 'n bepaalde mate van orde – wanneer al die handeling, spreke, tekste, beelde en musiek sinvol by mekaar aansluit... Die afwesigheid van 'n singewende sentrum, fragmentasie, disintegrering, diskontinuiteit, versplintering, die bevraagtekening van transendensie en 'n gebrek aan diepere waarheid of verwysingskrag, is immers aspekte wat onversoenbaar is met die inherente aard en bedoeling van die erediens."* (Kloppers, 2003:80, 84; vgl. ook 2002:65)

Baie eredienste kom aan die een kant inderdaad gefragmenteerd voor, met 'n oormaat van uiteenlopende handeling en simbole; aan die ander kant wil dit voorkom asof daar 'n teologiese vervlakking plaasvind. *Vaartbelyning*, maar ook *verdieping* ontbreek. Die gereformeerde belydenis benadruk egter daarteenoor

dat die prediking en erediens *Bybelse integriteit* moet hê of *in ooreenstemming met* die Skrif moet wees. Die vraag is egter: Wat behels hierdie *Skrifgetrouheid* in die erediens? Ten spyte van die feit dat daar eenstemmigheid oor die sáák hiervan bestaan, sou daar waarskynlik genuanseerde antwoorde op die vraag gegee kon word.

'n Mens sou byvoorbeeld in 'n eerste rondte kon verklaar dat die erediens ingerig behoort te word in letterlike ooreenstemming met konkrete Bybelse liturgieë (vgl. Cilliers, 1998:69 e.v.). Die probleem is egter net dat daar nie sulke pasklare of afgeronde liturgieë in die Bybel voorkom nie. Die Bybel is nie 'n handboek vir die liturgie nie, net so min as wat dit 'n handboek is vir byvoorbeeld die wetenskap. Die Reformatore het wel die vier elemente wat in Handeling 2:42 aan die orde is ("die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebed", dit wil sê prediking, koinonia, nagmaal en gebed) as uitgangspunte in hulle denke oor die erediens geneem, maar dit nooit as 'n kronologiese orde of vaste patroon vir die inrigting van alle eredienste verstaan nie (vgl. Jonker, s.j.:25-28).

'n Ander benadering sou kon teruggryp op die Baselse Hervormer Oecolampadius (1482-1531), wat aangevoer het dat die erediens eenvoudig moet wees, omdat Jesus se lewenstyl eenvoudig was; dat kwessies soos die vrye genade van God, die regverdiging deur geloof en veral die Christelike liefde 'n bepalende rol nie alleen in die inhoud van die liturgie sal speel nie, maar veral in die struktuur en styl daarvan (vgl. die bespreking van vroeg-Christelike liturgiese geskiedenis: Jonker, s.j.:50 e.v.). Met hierdie sentimente sou min

gereformeerdes waarskynlik ook 'n probleem kon hê. Die vraag is egter of basiese beginsels soos hierdie nie té algemeen is en dus té oop vir uiteenlopende interpretasies en toepassing nie? Beginsels soos geloof, hoop en liefde sê alles, maar juis daarom waarskynlik te min vir die konkrete inrigting van die erediens. Waar die soeke na letterlike ooreenstemminge van liturgieë die argument van Skrifgetrouheid te smal maak, maak die oproep tot 'n ooreenstemming van Bybelse beginsels die argument te wyd.

Wanneer daar gepraat word oor die Skrifgetrouheid van die erediens, is 'n uitgangspunt wat waarskynlik die meeste na vore sal kom, dié dat die sentraliteit van die Woord en dié van die Woordverkondiging naatloos ineenskuif en presies oorvleuel. In 'n uitgebreide empiriese ondersoek bevind Stark dat kerkgangers se verwagting om God se Woord te hoor, direk gekoppel is aan hulle verstaan van die prediking; trouens die prediking word in hierdie verband gewaardeer as "duidelijk het hoogste" (2005:247; vgl. ook 244-283). Dit beteken dus, volgens hierdie siening, dat die erediens Skrifgetrou is omdat daar 'n preek is. Die res van die liturgie is min of meer aanhangsels van die preek, "dekor" wat die hoofmoment van die prediking in die drama van die erediens moet versterk. Daarom gaan mense dan ook kerk toe "om na die preek te luister", en vra hulle ook ná die diens: "Hoe was die dominee se preek", of erger nog: "Wie het gepreek"!

'n Interessante gesprek in dié verband bly dié wat tussen Noordmans en Van der Leeuw gevoer is, 'n gesprek wat al vergelyk is met twee vegvlieëniers wat hoog bokant die lug en wolke in militêre vliegtuie met mekaar slaags raak (opgesom

deur Jonker, s.j.:28 e.v.). Oorvereenvoudig gestel, kom dit op die volgende neer: Vir Noordmans se gevoel het Van der Leeuw aan die liturgie 'n té selfstandige rol toegeken, as iets wat nie alleen uit die Woord, dit wil sê die besondere openbaring afgelei kan en moet word nie, maar ook uit die algemeen menslike, die fenomenologie van die religie. Van der Leeuw gee wel toe dat die Woord ook die sakramente met betekenis en heilswerksaamheid vul, maar onder die voorbehoud dat dit nie uitsluitlik die Woord is wat dit doen nie. Daarbenewens vul die Woord die sakramente sò dat "stukke" van die waarheid as 't ware in die sakramente agterbly, al sou die Woord nie meer daar wees nie. Stukke van die waarheid kom permanent tuis in die sakramente, wat impliseer dat die sakramente nie meer voortdurend deur die Woord en die Woord alleen gevul hoef te word nie. In hierdie denke verkry die liturgie, en in besonder die sakramente, 'n lewe van hulle eie, en word hulle as 't ware ook op ander plekke as die kragentrale van die Woord ingeprop.

Noordmans staan egter daarop dat die openbaringswaarheid die hele inhoud én struktuur van die erediens deurslaggewend moet bepaal. Die preek kán, en moet waarskynlik 'n belangrike uitdrukking van dié waarheid wees, maar dis nie die preek wat in die middelpunt van die erediens staan nie, eerder die waarheid. Die preek is nie (noodwendig) die gloeipunt of gloeilamp wat sy lig op die res van die liturgie laat val nie, maar die waarheid is wel (vgl. Jonker, s.j.:35).

Dié waarheid bly egter altyd iets waarom gestry en gebid, en waarna gesoek moet word. Dit word nie as 'n netjiese, vasgebinde pakket elke Sondag by die kerk uitgedeel nie. Die kerk is eerder die plek waar uitroepe van vreugde oor die

ontdekking van (nog 'n element van) die waarheid, en sugte van verlange na (nog 'n element van) die waarheid mag opklink. Jonker beklemtoon veral hierdie ekklesiologiese kant van die ontvangs van die Woord: die ligbron van die Woord skyn op die reflekerende ligvlak van die gemeente. Daarom stel hy as "definisie" van die erediens voor: *Die waarheidsrealisering van die Woord van God in die samekoms van die gemeente* (s.j.:35).

Die punt is: in klassiek gereformeerde denke (soos verwoord deur Noordmans) is die bedoeling dat die Woord (die Waarheid) die ganse erediens deurdring en stempel; dat dit as lig skyn op die hele liturgie; dat dit inderdaad alles saambundel rondom 'n singewende sentrum. Dit is ook die uitgangspunt van hierdie artikel.

## **2. 'N HERWAARDERING VAN DIE MEERVLAKKIGHEID VAN DIE BYBEL?**

Om antwoorde te vind op die vraag na die Bybelse integriteit van die gereformeerde erediens en prediking, sal ons na my mening opnuut moet kyk na die aard van die Bybel self. Wat nodig is, is 'n verruimde benutting van die Skrif in die erediens, maar nie in dié sin dat daar meer tekste gelees moet word of bloot meer Bybelse inhoude aan die orde gestel moet word nie, maar dat die wyse waarop die Skrif as God se Woord in mensetaal funksioneer, dit wil sê die unieke struktuur daarvan, ons tot 'n verdiepte Skrifgetrouheid sal begelei.

Die *status quo* in baie gemeentes is waarskynlik dat die preek relatief los van die liturgie funksioneer, as 'n soort eiland in 'n liturgiese see, en in baie gevalle ook 'n vinnig kleiner-wordende eiland. Daar is in die verlede al dikwels daarop gewys

dat Protestantse eredienste neig om gesentreer te wees rondom (kognitiewe) prediking, en dat laasgenoemde gevaar loop om te verword tot 'n lesing met blote liturgiese addenda (Meyer-Blanck, 2005:134).

Ek bepleit hier 'n *integrasië van preek en liturgie*; trouens, ons moet na my mening ophou praat van preek "en" liturgie. Preek *is* ('n wesentlike deel van) liturgie: "*In brief, liturgy is a living presentation of the received word of God as worship, its translation into deed. Liturgical preaching is the biblical preaching that fits into that matrix. It may **be** that matrix. Any other preaching is a lecture on a sacred theme set in a prayer meeting with choral accompaniment. Not at all a bad thing but not liturgical preaching.*" (Sloyan, 1996:230-231)

Ek bepleit egter ook meer as net 'n integrasië van preek en liturgie, naamlik 'n integrasië van Skrif (waaroor daar uiteraard ook gepreek moet word) en liturgie; dit wil sê 'n *vulling* van die erediens vanuit 'n holistiese verstaan van die meervlakkigheid van die teks. Die implikasies van die meervlakkigheid van die teks moet oor die hele erediens heen *versprei* word. Burger (1999:13) lewer byvoorbeeld 'n pleidooi dat ons nie net op 'n *informatiewe* wyse sal luister na die Woord met die oog op die prediking nie, maar ook na die *formatiewe* kant met die oog op die liturgiese inrigting van die erediens. Gehoorsaamheid aan die Woord impliseer immers nie net 'n antwoord op en naspreke van die inhoudelike kommunikasie van die Woord nie: soms kan 'n simboliese handeling in die erediens 'n mens help om die implikasies van die betrokke teks beter te verstaan as wat blote woorde sou kon doen.

Omdat die potensiaal van die meervlakkigheid van die Skrif dikwels nie verstaan word nie, raak eredienste fraaingrig en rafel dit uit, is dit letterlik nie meer soos 'n inmekaargeweeftde stuk materiaal (*texere*, oorspronklike woord vir teks) nie. Wat ek hier voorstel is dat die *texere* van die erediens gewef moet word vanuit die *texere* van die Bybel: dan vind beide vaartbelyning en verdieping, oftewel verantwoordelike wewing van die erediens plaas – vanuit dié singewende sentrum wat nog altyd vir gereformeerdes van kardinale belang was, naamlik die Skrif. Wat ek in werklikheid dus voorstel, is dat ons begrip van die teks, nie net in terme van sy “inhoud” of “boodskap” nie, maar ook in terme van sy (literêre, historiese, sosiologiese) verweefdheid as teks, as *texere*, die inrigting van ons eredienste deursuur en bepaal.

'n Mens sou dié bundeling van die liturgie sekerlik met reg ook vanuit die kerklike jaar, of vanuit gebeure (hoogtepunte) in die gemeente kon aanvoer (vgl. Kloppers, 2003:87). Ek wil egter voorstel dat ons die erediens ook baie sterker vanuit die spesifieke Bybelteks waaroor gepreek word, moet bundel. Maar dan, soos reeds genoem, nie net vanuit die sentrale “boodskap” van die teks nie, maar ook vanuit die meervlakkigheid van die teks as *teks*. As gereformeerdes bely ons nie alleen *sola scriptura* (net die Skrif) nie, maar ook *tota scriptura* (die hele Skrif). Indien 'n mens laasgenoemde interpreteer as meer as net die honorering van die 66 boeke van die kanon, dit wil sê nie net in *lengte* nie (Genesis tot Openbaring), maar ook in *diepte* (afdalende in die potensiaal wat die meervlakkigheid van elke spesifieke teks bied) open dit moontlik waardevolle perspektiewe vir die verryking van die liturgie.

Die vraag is: wat word bedoel met hierdie *meervlakkigheid van die teks*? Wanneer Kloppers praat van die erediens as 'n *Gesamtkunstwerk* (2003:80 e.v.), dit wil sê as 'n holistiese, estetiese belewenis, verwys sy onder andere na fases in die kerkgeskiedenis toe die visuele (*visio*) beklemtoon en oorbeklemtoon was in die liturgie (onderskeidelik tydens die vroeg-Christelike era en die Middeleeue); gevolg deur 'n beklemtoning van die hoor van die Woord (*audio*) tydens die Reformasie, en 'n oorbeklemtoning van die verstaan (*cognito*) tydens die na-Reformatoriese tydvak. Sy self bepleit 'n samehang van *visio*, *cognito* en *audio* vir 'n omvattende geloofservaring in die erediens (2003:81-83).

Hierdie kategorieë sou al klaar nuttig kon wees vir 'n verbrede visie op die erediens: dat die evangelie aan mense gekommunikeer word met behulp van al die sintuie, en hulle dit ook so beleef – sienende, horende, met begrip.

Bogenoemde verwysing na die meervlakkigheid van die teks sluit by 'n holistiese, esteties-sintuiglike verstaan van die erediens aan, maar wil dit nie bloot op 'n antropologiese of neurologiese wyse benader nie, maar vanuit 'n spesifieke Skrifverstaan. Ek voer vervolgens hierdie argument verder aan die hand van drie sleutelwoorde, naamlik *fokus*, *vorm* en *funksie* (vg. Long, 1989:78 e.v; 92 e.v.)

## **2.1 Fokus, vorm, funksie**

Die feit dat God se Woord tot ons kom in mensetaal, impliseer uiteraard dat die teks as *teks* gelees en geïnterpreteer moet word. Dit beteken dat faktore soos die literêre, historiese en sosiologiese agtergronde van die teks indringend onder oë geneem moet word, indien die leser 'n kans wil staan om die inhoud of

boodskap daarvan beter te verstaan. Robbins (1996:2-4) verwys byvoorbeeld na hierdie meervlakkigheid van die teks aan die hand van nie minder nie as vyf kategorieë of teksture wat binne tekste gevind sou kon word, naamlik inner-tekstuur, inter-tekstuur, sosiale en kulturele tekstuur, ideologiese tekstuur en sakrale tekstuur, en konkludeer: *“Like an intricately woven tapestry, a text contains complex patterns and images. Looked at only one way, a text exhibits a very limited range of its texture. By changing the interpreter’s angle a number of times, the method enables the interpreter to bring multiple textures of the text into view.”* (1996:2-3)

Vir die doeleindes van hierdie artikel beperk ek my tot bogenoemde drie sleutelwoorde (*fokus, vorm, funksie*). Dit sou kortliks as volg omskrywe kon word: Die Bybel vertel onder andere die verhaal van God wat ook sekere dinge gedoen het. Dit het dus ‘n teologiese inhoud of *fokus* (*wat* het God gedoen?). Hierdie verhaal word egter ook op verskillende maniere deur die skrywers ingeklee, met behulp van ‘n verskeidenheid van genres of literêre *forme* (*hoe* word dit beskryf?), en daarby ook nog met sekere oogmerke, dit wil sê met ‘n bepaalde *funksie* in gedagte (*waarom* het die skrywers hierdie tekste geproduseer?). Bybelse tekste het daarom:

- 'n bepaalde fokus, wat sê *wat* God gedoen het (hier handel dit om die breëre, teologiese grondlyne van die Bybel, maar ook soos dit as die goeie nuus van die evangelie, dit wil sê die verlossende handeling van God in spesifieke tekste neerslag vind)

- o 'n sekere vorm of literêre genre, wat uitdruk *hoe* die skrywers bogenoemde goeie nuus verwoord het (hier handel dit om 'n verskeidenheid van literêre faktore – ek beperk my egter net tot twee: die dominante metafoor en die spesifieke atmosfeer van die teks; vgl. Cilliers, 1996:124 e.v.)
- o 'n spesifieke funksie, wat saamhang met die vraag *waarom* die skrywers spesifieke tekste die lig wou laat sien (vgl. BA Müller, 1973:121-138).

Die eensydigheid wat na my mening dikwels by eredienste voorkom, het te make met die feit dat slegs een of hoogstens twee van bogenoemde dimensies in die erediens verdiskonteer, en die erediens dus volgens so 'n *verskraalde dimensionaliteit* ingerig word. Byvoorbeeld:

As ons kognitief ingestel is (volgens bogenoemde na-Reformatoriese klem op *cognito*), steek ons vas by die *wat-vraag*, wil ons dogmaties presies en lerend korrek uitklear wat die inhoud van God se handeling was.

As ons pragmaties (of erger: aktualisties) ingestel is, steek ons vas by die *waarom-vraag*, by die funksie van die teks. Dan wil ons die uitwerking bewerkstellig wat na ons mening deur die teks gevra word, selfs al sou ons ter wille van "dit wat werk" die inhoud van God se handeling in die proses moes versag of andersins aanpas. Dan vergeet ons: wat "werk" is nie noodwendig waar nie, nie noodwendig deel van die waarheidsrealisering van die Woord nie.

As ons esteties ingestel is (vgl. bogenoemde klem op *visio*, en tot 'n mate ook *audio*), kan ons só by die vormgewing, die *hoe* van die erediens vassteek, dat die vrae na die *wat* en die *waarom* van die erediens op die agtergrond skuif.

Die *hoe-vraag* word na my mening veral dikwels in ons gereformeerde eredienste afgeskeep, dit wil sê ons eredienste word dikwels nie op 'n holistiese wyse ingerig na aanleiding van, of in ooreenstemming met, die spesifieke genre (aanslag, modus, styl), van die Bybelteks wat in die erediens tydens die prediking aan die orde gestel is nie, of dit nou klag of lering of doksologie of skuldbelydenis of die narratiewe herinnering aan die groot dae van God is. Long het belangrike navorsing in hierdie verband gedoen en tot die konklusie gekom dat baie preke, en gevolglik ook eredienste, die Bybelteks benader asof dit soos 'n lemoen is wat jy uitsuig om die sap (inhoud) te kry, om dan die skil (vorm) weg te gooi - terwyl die vorm eerder 'n aanbod is; as geboekstaafde, kreatiewe vormgewing is dit 'n belangrike bron vir kreatiewe vormgewing in die prediking (1996:127-135).

Homilete begin al hoe meer verstaan dat daar 'n duidelike verband tussen die literêre genre van die teks en die prediking en liturgie is. Wie sensitief is vir die genre van die teks, vra ander soort vrae aan die teks, benader dit met 'n ander tipe verwagting as wat bloot in 'n kliniese soektog na die "boodskap" van die teks die geval sou wees. Die opmerkings van Long is kenmerkend van sò 'n benadering:

\* Laat die beweging ("movement") van die Bybelteks die beweging van die preek bepaal;

\* Laat die opponerende kragte van die Bybelteks die opponerende kragte van die preek word;

\* Laat die sentrale insig van die Bybelteks die sentrale insig van die preek uitmaak;

\* Laat die bui (“mood”) van die Bybelteks die bui van die preek kleur (1996:127-135).

Gereformeerde prediking en eredienste vaar oor die algemeen goed as dit kom by die *wat-vraag*. Dit hang saam met ons klem op die hoor (*audio*) en verstaan (*cognito*) van die Woord. Moontlik het hierdie beklemtoning egter ook bygedra tot bepaalde eensydighede in ons eredienste. ‘n Mens sou waarskynlik baie Protestantse eredienste, selfs vandag nog, met reg saam met JF White kon beskrywe as: *“the most cerebral of the Western traditions... prolix and verbose... overwhelmingly cerebral.”* (1989:58 f..; vgl. ook Wheeler, 2003:348).

In die gereformeerde tradisie val die klem blykbaar meer op lering en ouditiewe kommunikasie. Waarskynlik is ons sterk beïnvloed deur die Nederlandse liturgiese tradisie wat byvoorbeeld altyd ‘n lerende vorm van nagmaalviering gehad het (vgl. Barnard en Vos, 2001:25; ook De Gruchy, 2001:49) - 'n ontwikkeling wat verstaanbaar en verantwoordbaar is vanuit die Reformatoriese *sola Scriptura*, asook die onlosmaaklike verbondenheid van Woord en Gees. Desnieteenstaande sou ons die begrip “Woord” ook breër kon verstaan as slegs die gesproke en geskrewe Woord: *“The Reformatory saying Praedicatio verbi Dei est verbum Dei is still mainly and exclusively interpreted as the preaching being an auditory medium, and something like See/ Smell/ Feel/ Taste verbi Dei est (also) verbum Dei, is largely downplayed.”* (Wepener, 2002:13; vgl. ook Cilliers, 2007:63 e.v.)

‘n Herbesinning oor die hoe-vraag (en dus onder andere genre) kan ons help om ander dimensies van die Woord te ontdek. Oor die kenmerke van die genre van tekste is al heelwat geskrywe. Long (1989:24) haal vir John Barton instemmend aan ten opsigte van die volgende definisie van genre: “...a conventional pattern, recognizable by certain formal criteria (style, shape, tone, particular syntactic or even grammatical structures, recurring formulaic patterns), which is used in a particular society in social contexts which are governed by certain formal conventions.” Daar bestaan inderdaad ‘n ryke verskeidenheid van genres, ook in die Bybel, byvoorbeeld psalms, spreuke, wonderverhale, gelykenisse, profetiese orakels, kortverhale, historiese narratiewe, apokaliptiese literatuur, briewe, selfs moontlik preke (Hebreërs).

Vir die doel van hierdie artikel, en omdat ek van mening is dat dit besonder belangrik is vir die inrigting van eredienste, beperk ek my, soos reeds vermeld, tot twee retoriese tegnieke wat in sommige genres aan die orde kom, naamlik *metafoor* en *atmosfeer*. Bybelse tekste dra nie bloot kliniese feite (*bruta facta*) oor God oor nie. In feitlik alle Bybelse tekste vind ons beelde, metafore, wat op ‘n ander wyse kommunikasie bewerkstellig as bloot deur middel van ‘n reglynige aaneenryging van woorde (vgl. Soskice, 1985:35 e.v.). Volgens Wallace praat die Bybel altyd beeldryk, praat dit ‘n “highly imaginal language” (1995:9). ‘n Mens sou hier waarskynlik ook kon praat van ‘n *dominante* metafoor in elke teks, dit wil sê ‘n enkele, draende metafoor wat die spesifieke teksgedeelte op ‘n beeldryke wyse saambind. Die kuns sou wees om in elke teks dié primêre ver-beelding raak te sien te midde van moontlike ander beelde of metafore, of om ‘n

verantwoordelike keuse te maak vir 'n bepaalde beeld of metafoor, ook met die oog op die liturgie.

In Bybelse tekste tref ons ook 'n bepaalde atmosfeer aan, wat volgens Graves waarskynlik die beste by wyse van musiek uitgedruk sou kon word (1997:10). Hiermee bedoel hy natuurlik nie dat daar letterlik musiek na aanleiding van elke teksgedeelte gemaak of in die erediens opgevoer moet word nie, maar wil hy op 'n metaforiese wyse die aandag vra vir die ervarings-dimensie wat in tekste opgesluit lê. Die uitdaging is om nie bloot informasie of 'n morele les uit 'n Skrifgedeelte oor te dra nie, maar eerder: *“to communicate the experience of a passage. This kind of preaching, like a touching piece of music, comes through the gut more than through the mind.”* (1997:10)

Tekste het buie, en soms ook bui-skommelinge (“mood-swings”; vgl. Ps. 13!). Hierdie en dergelike sake het alles met die genre van tekste te make, met die vormgewing, die “hoe” daarvan.

### **3. IMPLIKASIES VIR DIE LITURGIE**

Wat sou die implikasies van bogenoemde wees vir die praktiese inrigting van die erediens? Watter verskil kan dit maak wanneer ons die dominante metafoor van die teks, asook die bepaalde “atmosfeer” daarvan, doelbewus laat neerslag vind in die hele gang van die erediens? Enkele opmerkings:

Wie byvoorbeeld oor die gelykenis van die verlore seun preek (Luk. 15:11-31), en dit verander in 'n dogmatiese uiteensetting van die sondeleer, en nêrens die metafoor van die hardlopende Pa (15:20) en die atmosfeer van vreugde rondom

die geslagte kalf (15:23) verbeeld en verwoord nie, mis die punt (beter: musiek) van die teks. Die uitdaging sou wees om op 'n *verbeeldingryke* wyse die *bui* van die teks vanaf die begin tot en met die einde van die erediens tot sy reg te laat kom; om alle liturgiese elemente (votum, verootmoediging, sang, belydenis, offergawes, uitsending, ens.) deur hierdie beeld en bui te laat kleur.

Die "musiek" wat die preek maak (of: ervaring wat die preek wil bemiddel), moet dus ook telkens elders in die erediens gehoor word. Die moontlikheid bestaan inderdaad dat eredienste se styl en atmosfeer, presies *kontra* die styl en atmosfeer van die Bybelteks waaroor dit in die prediking handel, kan verloop; dat daar 'n botsing van buie is, of dat die "prentjie" wat die teks teken, in die erediens wegraak onder en agter baie (serebrale) woorde en argumente. Hierteenoor moet gestel word dat die atmosfeer en styl, die geladenheid en "bui" van die Bybelteks eerder elke woord en handeling, elke stilte en beweging, elke moment en onderdeel van die erediens moet deurdring - soos water 'n spons deurdring. Die preek en erediens mag nie die Bybelteks kruisig nie; die Bybelteks moet die preek en erediens eerder deurkruis. Wat nodig is, is deur-Kruis-de preke en eredienste (Cilliers, 1998:75).

Die *rol van die liturg* is ook hier nie van minder belang nie. Veral moet *die styl van die liturg*, sy en haar persoonlike aanslag en individualiteit, selfs sy en haar intonasie, liggaamshouding en maniërismes in diens van die styl en gerigtheid van die Bybelteks staan. Wie byvoorbeeld Psalm 130 voorlees, mag dit alleen maar doen as iemand wat self iets daarvan verstaan om uit die dieptes na God te roep, sodat die voorlesing - en prediking - self 'n stem uit die dieptes word, 'n

stem wat sò in die midde van die gemeente opklink dat die gemeente, en veral diégene wat in die dieptes is, daarmee kan identifiseer. Of: Wie Psalm 88 voorlees en daarvoor preek, kan dit beswaarlik doen in 'n styl van oppervlakkige optimisme – dit sou die ervarings-dimensie van die psalm geheel en al weerspreek. Of: Wie oor Psalm 100 preek, en nie uit eie ervaring weet hoe die trou van God jou met vreugde kan vervul nie, sou bloot op 'n teoretiese vlak daarvoor uitsprake kon maak.

Ideaal gesproke sou die gereformeerde erediens (wat op die Woord gebaseer wil wees) dus met al sy liturgiese momente, vanaf die eerste tot die laaste woord en handeling, diensbaar wees aan die *wat*, *hoe* en *waarom* van die Bybelse teks; sal die impulse wat hiervandaan uitgaan bepalend wees vir al die onderdele van die liturgie. Dit impliseer dat die liturg 'n keuse sal moet maak vir 'n spesifieke teks, of ten minste 'n *dominante teks*, wat, al sou daar ook ander Skriflesings of -gebruike in die erediens plaasvind, as dominante teks steeds die deurslaggewende voedingsbron vir die inrigting van die spesifieke erediens sal bly. In die gereformeerde tradisie sal hierdie dominante teks in alle waarskynlikheid ook die preek-tekst wees.

Dit sou ook verder kon impliseer dat 'n hele erediens (of ten minste groot segmente daarvan) by geleentheid in 'n toonaard van klag (die klaagpsalms), of die narratiewe (die gelykenisse) of die doksologiese (die lofpsalms) of die lerende (dele van Paulus se briewe), ensovoorts kon verloop. Dit open die moontlikheid dat ons eredienste 'n vaartbelyndheid verkry wat nie alleen

pedagogies en kommunikasiewetenskaplik gesproke voordelig is nie, maar die openbaringswaarheid in eenvoudige (!) dosisse aan die gemeente gee.

Fokus, vorm en funksie hoort bymekaar, en kan nie sonder skade aan die hele "struktuur" van die teks geskei of oor - of onderbeklemtoon word nie. Al drie staan onder die "regie" van die waarheidsrealisering van die Woord, en al drie werk bevrugterend en kontrolerend in op mekaar. Die vorm (hoe) van die Skrif moet ons byvoorbeeld weerhou van 'n stolling op die fokus (wat) en dus van 'n eensydige intellektualisme; die fokus (wat) moet ons weerhou van 'n oorbeklemtoning van die funksie (waarom) en dus 'n oppervlakkige sensasionalisme; die funksie (waarom) moet ons bewaar van 'n rigiede omgang met die vorm (hoe) en dus van argaïsme, ensovoorts.

Hierdie "driehoek" sou as 'n soort "kreatiewe ruimte" of "toetsruimte" benut kon word as predikers moet besluit wát in die erediens hoort en wát nie, of byvoorbeeld watter hulpmiddels gebruik moet word of nie. Die deurslaggewende vraag is dan: dien dit die fokus, vorm en funksie van die spesifieke, dominante teks wat hierdie een, brandende waarheid vandag in hierdie erediens in hierdie gemeente aan die orde stel? Werk hierdie simbool of handeling of musiek of illustrasie mee aan, of staan dit kontra die *waarheidsrealisering van dié spesifieke Woord van God in die samekoms van dié spesifieke gemeente?*

Die feit dat daar 'n dominante teks in die erediens aan die orde gestel word, sluit nie uit dat ander tekste ook benut kan word nie. Trouens, dit kan soms baie sinvol wees om die onmiddellike konteks van die dominante teks, of die breër konteks van die boek of brief waaruit dié teks kom, liturgies in te span. Indien

daar dus byvoorbeeld gepreek word oor Romeine 12:1-8, waarom nie die riglyne vir die lewe (wet) hanteer in die lig van Rom 12:9-21, of 13:8-14 nie? Waarom nie die votum neem uit Romeine 11:33-36 nie? Dit bied aan die liturgie 'n bepaalde ervaring van afronding en vaartbelyning.

Dit is egter belangrik dat wanneer ander teksgedeeltes ook in die liturgie gebruik word, dit op 'n teologies-verantwoordelike wyse sal gebeur. *Net so seker as wat daar grondige eksegetiese gedoen moet word van die teks waaroor gepreek word, moet daar eksegetiese gedoen word wanneer sekere teksverse in die liturgie benut word.* Die liturgie is immers onder andere ook 'n vorm van Woordverkondiging en moet as sodanig rekening hou met die konteks, die historiese en eksegetiese basis van die tekste wat in die liturgie aangehaal word. Daar behoort 'n *konstruktiewe interaksie* tussen liturgie en eksegetiese gekweek te word.

Dit gebeur byvoorbeeld soms dat die lesing van die wet sonder enige sensitiviteit vir die teksagtergronde afgewissel word tussen Eksodus 20 en Deuteronomium 5, asof dit gewoon uitruilbare tekste is. Selde, indien ooit, word in berekening gebring dat Eksodus 20 deel is van 'n teofanie by Sinaï en die aanloop tot die Bondsboek se “wette”, terwyl Deuteronomium 5 deel is van Moses se toespraak op die vlakte van Moab voor die intog. Die “smaak”, die “atmosfeer” van dié twee tekste is nie identies nie!

Of die bekende 1 Johannes 1:9, wat dikwels met die genadeverkondiging aangehaal word: *As ons ons sonde bely - (dan is) God getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes...* De Klerk wys daarop *“dat die kommunikatiewe handeling van verootmoediging en versoening in die samekoms van die*

*gemeente weggelaat word of bloot 'n formaliteit geword het.*" (1999:24) Hierdie formalisering van verootmoediging hang dikwels daarmee saam dat tekste soos bogenoemde in die *genadeverkondiging* (!) op die klank af aangehaal en juis hanteer word as 'n naakte eis, 'n *voorwaarde tot die genade* (vgl. Du Toit, 1990:520-525). Wat egter vergeet word, is die breër, teologiese raamwerk van die Skrif, en die genre van dié spesifieke teks. In die Nuwe Testament, en hier ook, tref ons wel 'n aantal voorwaardesinne aan waarin daar vier moontlike relasies tussen die *protasis* (bv. "As julle...") en die *apodosis* ("dan sal...") voorkom. Hierdie vier modusse is: oorsaak-gevolg; grond-gevolgtrekking; verhouding van kontras, en verhouding van ekwivalensie. Laasgenoemde funksioneer in 1 Joh. 1:9. Omdat dit 'n verhouding van ekwivalensie is, sou dit ook omgekeer geles kon word: *Omdat God getrou en regverdig is, kan ons ons sondes bely.* Die opvallende is dat nie een van hierdie voorwaardesinne in die Nuwe Testament die heil wat die evangelie bring, afhanklik maak van die optredes van mense nie. Alle voorwaardesinne staan binne die *teologiese raamwerk* van die handelende God. Dit is natuurlik ook waar van voorwaardesinne in die Ou Testament waar die verbondskonteks die allesomsluitende raamwerk is, en die inisiatief van God dus voorop staan. In die liturgiese benutting van sulke voorwaardelike konstruksies sal liturge in die besonder moet waak teen 'n *dualistiese teologie* wat aan die een kant wil vashou aan die gereformeerde beginsel van *sola gratia*, maar aan die ander kant ook 'n yslike stuk Arminianisme saamsleep (vgl. Du Toit, 1990:520-525).

Dit is dus belangrik dat die *toepaslike pragmatiese aspekte* van betrokke Bybeltekste in ag geneem moet word tydens die interaksie tussen liturgie en eksegeese. Bybelse tekste *sê* nie net sekere dinge nie, maar *doen* dit ook; dit het 'n *performatiewe karakter*. In die erediens gaan dit daarom dat daar sover moontlik uitvoering gegee moet word aan hierdie performatiewe karakter van die Bybel en van spesifieke tekste. Dit is 'n ander benadering as om bloot 'n *beskrywing* van tekste te gee. Tussen beskrywende ("*descriptive*") en uitvoerende ("*performative*") taal is daar 'n deurslaggewende verskil (vgl. Austin, 1972:125 e.v).

Die samevattende vraag is dus: neem ons die *performatiewe karakter* van die Skrif ernstig in aanmerking in ons liturgiese gebruik van Bybeltekste? Haal ons dit sommer net lukraak aan, of gebruik ons dit in lyn met wat aanvanklik in die Bybel gebeur het? Dié vraag sou verder uitgebrei kon word: Waarom maak ons so dikwels van aanhalings uit die Bybel gebruik in die liturgie? Wil ons daarmee bloot 'n tradisie kontinueer, of dalk die gesagskarakter van die liturgie daardeur versterk? Is dit 'n vorm van verantwoordbare Skrifuitleg, of is ons dikwels ongereflekteerde (formule-agtige) gebruik van die Skrif in die liturgie dalk gelykstaande aan 'n soort magiese benutting daarvan? Dit wil voorkom asof hierdie soort vrae as kritiese kantaantekeninge altyd langsaan die kernbelydenis aangaande die Skrifgetrouheid van ons eredienste geplaas sal moet word.

#### **4. SLOTSOM**

Die beklemtoning van die meervlakkigheid van die Bybelse teks *as teks* staan op geen manier teenoor die belydenis dat God deur hierdie teks aan die Woord kom nie. Inteendeel, uiteindelik is die “kreatiewe driehoeksruimte” van die Woord dié ruimte waar die Gees op 'n besondere wyse werk, sodat daar 'n ontmoeting tussen ons en God kan plaasvind. Die *wat* -, *hoe* - en *waarom* - vrae kan daarom ook saamgevat word in 'n ander vraag, naamlik “*wie*” - Wie is God? Uiteindelik moet die erediens ons tog bring tot 'n nuwe ontdekking van wie God is, 'n nuwe visie op Hom, 'n raaksien van die voetspore van die Gees (*vestigia dei*) wat ook kruis en dwars deur die erediens loop, én by die deure van die kerk uit, dwarsoor ons alledaagse bestaan.

## **BIBLIOGRAFIE**

AUSTIN, JL 1972. Zur Theorie der Sprechakte. Stuttgart. Reclam.

BARNARD, M. en C.J.A. VOS. 2001. 'n Besinning oor die liturgie. Teorievorming, ondersoek en praktykvorming. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16/2, p. 17-32

BURGER, CW 1999. Erediens in Gereformeerde styl. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 14 (1) 1999. 1-22.

CILLIERS, JH 1996. Die uitwissing van God op die kansel. Onstellende bevindinge oor Suid-Afrikaanse prediking. Kaapstad: Lux Verbi.

CILLIERS, JH 1998. Die uitwysing van God op die kansel. Inspirerende perspektiewe op die prediking – om God te sien en ander te lèt sien. Kaapstad: Lux Verbi.

- CILLIERS, JH 2007. Binne die kring-dans van die kuns. Die betekenis van estetika vir die gereformeerde liturgie. Stellenbosch: Sun Press.
- CRADDOCK, FB 1985. Preaching. Nashville: Abingdon Press.
- DE GRUCHY, J. 2001. The Future of the Reformed Churches in South Africa. Some Random Notes and Reflections. *Scriptura* 76. 49-58.
- DE KLERK, BJ 1999. Skuldbelydenis en versoening as kommunikatiewe handeling in die liturgie van die samekoms en van die lewe. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. Volume 14 (1) 1999. 23-45.
- DU TOIT, BA1990. Sondebelydenis volgens 1 Johannes. *NGTT* 31 (4), 520-525
- GRAVES, M 1997. The Sermon as Symphony. Preaching the literary forms of the New Testament. Pasadena: Judson.
- JONKER, H s.j. Liturgiese Oriëntatie. Gesprekke over de Eredienst. Wageningen: N.V. Gebr. Zomer & Keunings Uitgeversmaatschappij.
- KLOPPERS, E 2002. Transendering van die alledaagse... Die erediens as fees. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. Volume 17 (2) 2002. 61-74.
- KLOPPERS, E 2003. Die erediens as 'n omvattende kunswerk – as Gesamtkunstwerk. *NGTT* Deel 44 Nommers 1 en 2 Maart en Junie 2003. 80-88.
- LONG, T G 1989. The witness of preaching. Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox.
- LONG, T G 1996. Preaching and the literary forms of the Bible. Philadelphia: Fortress.
- MEYER-BLANCK, M 2005. Theatralisch inspirierte Liturgie. *Pastoral Theologie*. 94 Jahrgang April 2005/4. 134-145.

MÜLLER, BA 1961. Die Lewende Woord aan die mens van die hede. 'n Bespreking van die vrae rondom die aktuele Woordverkondiging. Zaandijk: J. Heijnis Tsz.

MÜLLER, BA 1973. Die eksegetiese onderbou van die struktuur van die prediking, in PA Verhoef (red.). *Sol Iustitiae*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 121-138.

ROBBINS, VK 1996. Exploring the Texture of Texts. A Guide to Socio-Rhetorical Interpretation. Harrisburg, Pennsylvania: Trinity Press International.

SLOYAN, GS 1996. What is Liturgical Preaching? The Landscape of Praise. Readings in Liturgical Renewal. Ed. Blair, Gilmer, Meeks. Valley Forge, Pennsylvania: Trinity Press International. 228-234.

SOSKICE, JM 1985. Metaphor and religious language. Oxford: Clarendon Press.

STARK, C 2005. Proeven van de Preek. Een praktisch-theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

WALLACE, JA 1995. Imaginal preaching. An archetypal perspective. New York: Paulist Press.

WEPENER, C.J. 2002. The object and aim of multidisciplinary liturgical research. *Scriptura* 17(3). 1-15.

WHEELER, G 2003. Revisiting the Question of the use of Visual Art, Imagery, and Symbol in Reformed Places of Worship. In: *Christian Worship in Reformed Churches past and present*. Ed Lukas Vischer. Eerdmans. 348- 370

WHITE, JF 1989. Protestant Worship Traditions. Louisville: Westminster/John Knox Press.

## **KERNBEGRIJPE**

Liturgie

Skrifverstaan

Eksegese

Genre

## **KEY CONCEPTS**

Liturgy

Understanding of Scripture

Exegesis

Genre